Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

MSW Gesondheidsorg (Gedoseer) (01251073)

Minimum duur van studie	1 jaar
Totale krediete	180
Kontak	Prof CL Carbonatto charlene.carbonatto@up.ac.za +27 (0)124202410

Programinligting

Sluitingsdatum vir aansoeke: Jaarliks 31 Julie.

Toelatingsvereistes

- BMW-graad in maatskaplike werk met minstens 65% of 'n gelykwaardige kwalifikasie.
- ’n Verpligte module in navorsingsmetodologie, naamlik MWT 864, moet geslaag word.

Addisionele vereistes

’n Verpligte module in navorsingsmetodologie, naamlik MWT 864, moet geslaag word.

Slaag met lof

Om die graad met lof te verwerf moet ’n gemiddelde punt van 75% vir die kernmodules en miniverhandeling behaal word, onderworpe aan minstens 70% vir die miniverhandeling.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 180

Kernmodules

Maatskaplike gesondheidsorg (1) 855 (MWT 855)

Modulekrediete	25.00
Voorvereistes	Departementel keuring.
Kontaktyd	8 lesings per dag vir 5 dae
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Departementel keuring
Beleid en primêre gesondheidsorg
Suid-Afrikaanse gesondheidsbeleid, struktuur en tendense; primêre gesondheidsorg; die multidissiplinêre span en alternatiewe gesondheidsversorgers; konseptualisering van maatskaplike werk in gesondheidsorg; teoretiese modelle; kulturele, inheemse en religieuse aspekte van gesondheid; ervaring en psigososiale impak van siekte, behandeling en hospitalisasie op die pasiënt, familie en gemeenskap.

Maatskaplike gesondheidsorg (2) 856 (MWT 856)

Modulekrediete	25.00
Voorvereistes	Departementel keuring.
Kontaktyd	8 lesings per dag vir 5 dae
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - vereis departementele keuring
Kwesbare teikengroepe in gesondheidsorg
Vrouegesondheid, kindergesondheid, geriatriese gesondheid, geestesgesondheid, persone met gestremdheid.

Maatskaplike gesondheidsorg (3) 857 (MWT 857)

Modulekrediete	25.00
Voorvereistes	Departementel keuring.
Kontaktyd	8 lesings per dag vir 5 dae
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie

Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

*Geslote - vereis departementele keuring
Spesialiteitsterreine in gesondheidsorg
Akutesorg, trauma en trauma-ontlonting; kroniese sorg; MIV en VIGS; palliatiewe en terminale sorg.

Navorsingsmetodologie 864 (MWT 864)

Modulekrediete	0.00
Voorvereistes	Departementele keuring
Kontaktyd	8 lesings per dag vir 5 dae
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Departementele keuring
Navorsingsetiek, navorsingsbenaderings, tipes navorsing, navorsingsontwerpe en navorsingsproses soos van toepassing op maatskaplike werk.

Maatskaplike gesondheidsorg: Prakties 870 (MWT 870)

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	MWT 870 word gelyktydig aangebied met MWT 855, MWT 856 en MWT 857; Departementele keuring
Kontaktyd	Totaal van 150 ure prakties
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Integrering en demonstrasie van teoretiese komponente van maatskaplike werk in gesondheidsorg in praktyk. Dit sluit in werk met gemeenskappe, gesinne, groepe en pasiënte met gesondheidsorgbehoeftes in die gesondheidsveld.

Miniverhandeling: Maatskaplike werk 895 (MWT 895)

Modulekrediete	90.00
Voorvereistes	MWT 861
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Departement	Maatskaplike Werk en Kriminologie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

‘n Omvattende verslag (80-100 bladsye) oor ‘n goedgekeurde navorsingsprojek gebaseer op onafhanklike navorsing in ‘n MMW spesialisveld geselekteer in oorleg met ‘n studieleier. Skolastiese en gevorderde navorsing van geselekteerde spesialisterrein, insluitend beplanning, bronbenutting en bestuur van prosesse. Toerekenbaarheid vir die bereiking en evaluering van persoonlike en/of groepuitsette.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.